



SOLIDARITEIT
SOLIDARITY

#STOPRASMALHEID

# SA IS RASMAL

## GENOEG IS GENOEG

Deel van die Solidariteit Beweging

# INHOUD

**Inleiding** **bl. 1**
**Metodologie** **bl. 1**
**Demografie** **bl. 2**
Ouderdom bl. 2
Geslag bl. 2
Taal bl. 3
**Kwantitatief** **bl. 3**
Vraag 1 – Is jy onlangs volgens jou ras geklassifiseer? bl. 3
Vraag 2 – Hoe gereeld word jy volgens jou ras geklassifiseer? bl. 4
Vraag 3 – Watter instelling klassifiseer jou die meeste volgens jou ras? bl. 4
Vraag 4 – Die Suid-Afrikaanse regering is verbind tot nierassigheid bl. 5
Vraag 5 – In my interaksie met die regering maak my ras die meeste saak bl. 6
Vraag 6 – In Suid-Afrika het sekere rassegroepe meer regte as ander rassegroepe bl. 7
Vraag 7 – Is daar al teen jou gediskrimineer weens jou velkleur? bl. 8
**Kwalitatief** **bl. 8**
Metodologie bl. 8
Werk bl. 9
Dienslewering bl. 10
Opleiding bl. 11
**Gevolgtrekking** **bl. 12**

# INLEIDING

Suid-Afrika is een van die mees rasgereguleerde lande in die wêreld. Feitlik elke interaksie met die regering of selfs privaat instansies word voorafgegaan deur rasseklassifikasie. Onder die ANC het die hoeveelheid wette in die land wat rasseklassifikasie gebruik, ongelooflik toegeneem.[1]

Tog voer die ANC aan dat rasseklassifikasie kritiek is vir nierassigheid. Hierdie teenstrydigheid is wat raakgesien is deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, asook die Verenigde Nasies se Komitee vir die Uitskakeling van alle Vorme van Rassediskriminasie (CERD). In 'n verslag kritiseer CERD die Suid-Afrikaanse regering se gebruik van apartheidtipe rasseklassifikasie[2] as 'n lomp instrument wat nie ordentlik aantoon of mense waarlik die regte verskaf word wat hulle ingevolge die Grondwet kan geniet nie.

Die Suid-Afrikaanse regering se antwoord op hierdie verslag en aanbevelings is om bloot apartheidtipe rasseklassifikasie te verskerp en te verdiep. Tydens die Covid-19-pandemie word dit selfs erger, deurdat die regering fondse oprig wat uitdruklik hulp verskaf slegs aan besighede met eienaars van 'n sekere ras.

Hierdie verslag probeer in 'n mate bepaal wat die omvang van rasseklassifikasie in Suid-Afrika steeds is, asook hoe die respondente oor die algemeen voel oor rassediskriminasie in Suid-Afrika.

# METODOLOGIE

Die data is ingesamel in die tydperk vanaf 31 Maart 2021 tot 12 Mei 2021. Daar is 'n skakel versprei deur sosialemediakanale wat dan deur respondente gebruik is om aan die peiling deel te neem.

Die peiling behels 'n kwantitatiewe sowel as 'n kwalitatiewe been.

Altesaam 4 856 respondente het die peiling ingevul. Dit laat 'n foutgrens van 1% met 'n 95%-vertrouensinterval en 'n foutgrens van 2% met 'n 99%-vertrouensinterval.

Een ding waarop gelet moet word, is dat die steekproef nie ewekansig gegenereer is nie en antwoorde dus geaffekteer kan word deur die respondente se eie vooroordele. Dit impliseer dat die resultate eerder 'n tendens aandui as dat dit 'n volledig akkurate beskrywing van die gevoel rondom rasseklassifikasie in Suid-Afrika is.

'n Ander faktor waarop gelet moet word, is dat die vraelys slegs in Afrikaans versprei is en primêr op Solidariteit se sosiale media gedeel is. Dus is die resultate nie verteenwoordigend van die breër Suid-Afrikaanse bevolking nie.

[1] https://www.politicsweb.co.za/opinion/the-many-many-race-laws-of-the-anc
[2] https://www.refworld.org/publisher,CERD,,ZAF,597b13e44,0.html

# DEMOGRAFIE

## OUDERDOM

Tabel 1 - Ouderdomsverspreiding

| ANSWER CHOICES | RESPONSES | |
|---|---|---|
| 15-19 | 0.64% | 31 |
| 20-24 | 1.16% | 65 |
| 25-29 | 1.87% | 90 |
| 30-34 | 3.43% | 165 |
| 35-39 | 5.35% | 257 |
| 40-44 | 6.03% | 290 |
| 45-49 | 10.45% | 503 |
| 50-54 | 12.18% | 586 |
| 55-59 | 15.02% | 723 |
| 60-64 | 15.79% | 760 |
| 65-69 | 11.95% | 575 |
| 70+ | 16.13% | 776 |
| **TOTAL** | | **4 812** |

## GESLAG

Tabel 2 - Geslag

| ANSWER CHOICES | RESPONSES | |
|---|---|---|
| Manlik | 62.45% | 2 995 |
| Vroulik | 37.55% | 1 799 |
| **TOTAL** | | **4 791** |

## TAAL

Tabel 3 - Taalverspreiding


| ANSWER CHOICES | RESPONSES | |
|---|---|---|
| Afrikaans | 91.90% | 4 423 |
| Engels | 7.56% | 364 |
| Zoeloe | 0.02% | 1 |
| Xhosa | 0.02% | 1 |
| Sotho | 0.02% | 1 |
| Pedi | 0.04% | 2 |
| Tswana | 0.02% | 1 |
| Tsonga | 0.02% | 1 |
| Venda | 0.00% | 0 |
| Ndebele | 0.02% | 1 |
| Swati | 0.00% | 0 |
| Ander | 0.37% | 18 |
| **TOTAL** | | **4 814** |

Die resultate is soos verwag oorweldigend Afrikaans. Die ouderdomsverspreiding van respondente dui ook daarop dat die vraelys meer deur ouer mense ingevul is – dit alles strook met die verwagting dat die vraelys dus primêr deur Solidariteit-lede en mense in die Afrikaner-kultuurgroep ingevul is.

Albei hierdie bevolkingsgroepe toon 'n soortgelyke ouderdoms- en taalprofiel as die vraelys se respondente.

# KWANTITATIEF


### VRAAG 1 – IS JY ONLANGS VOLGENS JOU RAS GEKLASSIFISEER?




*Figuur 1 - Rasklassifikasie onlangs*

Soos gesien kan word, is die antwoord oorweldigend bevestigend. Amper 7 uit 10 respondente het aangedui dat hulle onlangs volgens hulle ras geklassifiseer is. Dit dui daarop dat rasseklassifikasie die norm eerder as die uitsondering geword het.


### VRAAG 2 – HOE GEREELD WORD JY VOLGENS JOU RAS GEKLASSIFISEER?




*Figuur 2 - Rasseklassifikasie Frekwensie*

Die meerderheid respondente (61,03%) dui aan dat rasseklassifikasie iets is wat op 'n daaglikse of weeklikse basis geskied. Dit impliseer dat die "onlangs" in die vorige vraag nie op 'n gebeurtenis in die verlede dui nie, maar eerder dat rasseklassifikasie 'n daaglikse werklikheid vir 4 uit 10 respondente is.

### VRAAG 3 – WATTER INSTELLING KLASSIFISEER JOU DIE MEESTE VOLGENS JOU RAS?





*Figuur 3 - Rasseklassifikasie Instellings*

Soos verwag, is die regering verreweg die instelling wat die meeste rasseklassifikasie toepas. In 'n land met die mate van rasregulering wat Suid-Afrika het, was dit voor die hand liggend.

Wat kommerwekkend is rakende hierdie uitslag, is dat amper 1 uit 5 respondente voel dat privaat maatskappye hulle meer as die regering volgens hulle ras klassifiseer. Dit dui daarop dat die beleidsrigting van absolute rasregulering wat die regering volg, afgewentel het na die privaat sektor en dat rasseklassifikasie iets is wat alle sfere van Suid-Afrikaanse burgers se lewens raak. Selfs privaat maatskappye volg noodgedwonge regeringsriglyne rondom ras en rasseklassifikasie.

## VRAAG 4 – DIE SUID-AFRIKAANSE REGERING IS VERBIND TOT NIERASSIGHEID




*Figuur 4 - Regering nierassigheid*


Meer as die helfte van die respondente (57,62%) voel dat die Suid-Afrikaanse regering nie verbind is tot nierassigheid nie. Hierdie uitslag is uitsonderlik kommerwekkend, aangesien die Suid-Afrikaanse grondwet uitdruklik verbind is tot nierassigheid, in artikel 1(b).[3]

Nierassigheid is dus 'n kernbeginsel waarop die Suid-Afrikaanse staat opgerig is, in dieselfde kategorie as universele stemreg vir volwassenes.

Die ANC-regering stel dit self ook uitdruklik in sy kommunikasie dat hy verbind is tot nierassigheid, dus is dit uiters betekenisvol dat so 'n groot groep respondente bloot nie dink dat die ANC-regering verbind is tot een van die kernbeginsels van die Suid-Afrikaanse staat nie.

[3] https://www.gov.za/documents/constitution/chapter-1-founding-provisions

VRAAG 5 – IN MY INTERAKSIE MET DIE REGERING MAAK MY RAS DIE MEESTE SAAK




*Figuur 5 - Ras belangrikste interaksie met regering*

'n Oorweldigende hoeveelheid respondente (76,51%) voel dat ras die ding is wat die meeste saak maak in hulle interaksies met die regering.


Dit dui op 'n groep mense wat bloot ervaar dat die regering jou eerstens as 'n velkleur en daarna as 'n burger beskou. Weereens dui dit daarop dat die nierassigheid wat die Grondwet in artikel 1(b) voorstaan, geensins op grondvlak neerslag vind nie.

Gewone burgers se ervaring van interaksies met die regering is eenvoudig een waar ras al is wat saak maak.
Dit is duidelik gemaak deur ANC-amptenare self. In die besonder het die minister van toerisme, me. Mmamoloko Kubayi-Ngubane, dit uitdruklik gestel dat die regering eerder daarop fokus om swart besighede te help en op te rig as dat hulle toerisme as sektor wil ondersteun.[4]

Die gevoel van respondente is dus een wat stewig gesetel is in die werklikheid; trouens, uit die regering se eie beleide en aksies is dit duidelik dat ras die kriterium is wat die meeste gewig dra.

[4] https://www.news24.com/fin24/economy/south-africa/govts-r12bn-tourism-equity-fund-not-only-for-businesses-that-are-100-black-owned-minister-20210317

## VRAAG 6 – IN SUID-AFRIKA HET SEKERE RASSEGROEPE MEER REGTE AS ANDER RASSEGROEPE




*Figuur 6 - Rassegroepe meer regte*

Absoluut oorweldigend (96,43%) is respondente se ervaring dat sekere rassegroepe meer regte as ander het in Suid-Afrika. Dit is basies 'n eenparige mening uitgespreek deur die respondente, wat uiters kommerwekkend is.

Suid-Afrika het 'n geskiedenis van sekere rasse wat wel meer regte as ander gehad het. Gegewe die ouderdomsprofiel van die respondente het die meeste van hulle nog in daardie tydperk geleef. Die feit dat hierdie respondente so 'n sterk stelling so eenparig ondersteun, beteken basies dat hulle ervaar dat daar feitlik geen verskil tussen die ANC-regering en die Nasionale Party-regering se hantering van ras is nie.


Dit eggo die CERD-verslag se aanbeveling dat apartheidklassifikasie van ras vervang moet word deur 'n meer genuanseerde benadering.

Steurend is dat hierdie siening een is wat deur voormalige president Jacob Zuma ook gehuldig is. In antwoord op 'n vraag in die parlement in 2012 het hy eenvoudig gesê dat demokrasie so werk dat die meerderheid meer regte geniet as die minderheid.[5]

Dit is duidelik dat hierdie siening uiting vind in die werklikheid, in direkte teenstelling met die Suid-Afrikaanse grondwet.

[5] https://www.news24.com/News24/you-dont-understand-democracy-zuma-told-20120914

### VRAAG 7 – IS DAAR AL TEEN JOU GEDISKRIMINEER WEENS JOU VELKLEUR?




*Figuur 7 - Persoonlik rassediskriminasie ervaar*

Die laaste kwantitatiewe vraag het ten doel gehad om te toets hoeveel respondente het al persoonlik rassediskriminasie beleef. Feitlik 8 uit 10 respondente dui aan dat daar al persoonlik teen hulle gediskrimineer is weens hulle velkleur.

Hierdie vraag dui daarop dat die retoriek en beleid van die ANC-regering nie bly by 'n poging tot regstelling nie, maar dat dit 'n wesenlike impak op normale mense het – normale mense wat ervaar dat die regering waaraan hulle belasting betaal hulle bloot as 'n velkleur beskou, dat die regering waaronder hulle val hulle as tweedeklasburgers hanteer met minder regte as ander burgers.

# KWANTITATIEF

## METODOLOGIE

'n Oop vraag is aan die einde van die vraelys ingevoeg waarin respondente 'n insident van rassediskriminasie teen hulle persoonlik kon beskryf in hulle eie woorde.

Daarna is 'n tematiese analise gedoen waarin gekyk word na die breë temas waaronder die antwoorde val. Altesaam 1 764 uit 4 852 respondente het in hulle eie woorde 'n insident van rassediskriminasie beskryf.

## WERK

My droom was om ’n diens aan die publiek te lewer, ongeag ras. Ek moes nood gedwonge my eie praktyk begin omdat ek geen ander keuse gehad het nie.

Ons het 6 blanke werknemers en 18 nie-blanke werknemers gehad voor Covid-19. Ons kwalifiseer nie vir Covid-19-regeringshulp nie.

Ek het aansoek gedoen om bevordering / ander pos.
My hoof het by my kom sit met my CV en gesê ek moet mos nou al weet hoe dit werk.
Sy moet ’n swart persoon aanstel. Sy het my CV voor my opgeskeur en in my asblik gegooi.

My man, wat sy besigheid saam met sy seun, skoonseun en dogters opgebou het, moet nou die familiebesigheid oorgee aan 51% swart mense, terwyl hy sy lewe lank werk geskep het en belasting betaal het. Nou moet hy op sy hoë ouderdom van 83 sy besigheid aan ander oordra ipv net aan sy kinders en kleinkinders?

Aangesê om liewers nie ’n saak te maak van ’n werknemer se swak prestasie en houding nie "omdat jy wit is en sleg 2de sal kom, dis beter om maar net daarmee saam te leef, jy het jou werk nodig".

Die woord wat die heel meeste voorkom in al die persoonlike insidente, is “werk”. Met 662 insidente beteken dit dat amper 4 uit 10 gevalle van rassediskriminasie in en om die werkplek gebeur met die respondente.

Verskeie beskryf situasies waar hulle aansoek doen vir bevordering of 'n ander pos en eenvoudig meegedeel word dat hulle nie eers oorweeg gaan word nie weens hulle velkleur. Van die situasies is uiterstes, met mense wat al jare lank waarneem in die pos waarvoor hulle aansoek doen – maar steeds afgekeur word. Verskeie respondente het ook aangedui dat hulle dan deur 'n onbevoegde en onervare persoon vervang word en daar van hulle verwag word om die persoon op te lei en in sommige gevalle bloot die persoon se werk te doen.

Verskeie insidente hanteer spesifiek spanning wat in die werkplek geskep word deur die regering se aandrang op rasseklassifikasie, met kandidate wat uitdruklik vertel word dat hulle velkleur teen hulle tel – of in sekere gevalle bloot gesê word hulle moet stilbly want hulle is wit.

## DIENSLEWERING

Ek was in ’n Sassa-kantoor toe word ek vertel ek moet wag want ons wit mense het altyd eerste gekom so nou is dit die swart mense se beurt.

Tydens hernuwing van my motorlisensie is daar op my geskreeu dat wittes moet vergeet van tegemoetkomings en net moet betaal en agter in die ry staan.

By elke staatsinstelling word ek as ’n wit man met minagting en met disrespek behandel omdat ek wit is; die woorde jy’s wit wag jou beurt af ons eet nou, geld in die hele staatsdiens.

By polisiestasie gesê ek moet nie dink omdat ek wit is moet ’n saak noodwendig geopen word nie.

'n Besonder kommerwekkende tendens wat verskeie respondente (216) noem, is dat hulle ervaar dat daar vir hulle gesê word dat hulle nie die reg het op diens van 'n staatsinstelling nie.

Veral die polisie en munisipale kantore kom ter sprake, met verskeie respondente wat dit stel dat polisielede bloot weier om hulle te help maar oombliklik mense van 'n ander kleur help.

Wat ongelooflik onrusbarend is rondom hierdie insidente, is dat die respondente dit eens is dat dit geen nut het om die situasie te probeer aanmeld nie. Die openlike rassediskriminasie moet bloot aanvaar en verduur word, want die siening is dat dit geensins gaan help om eers te probeer om dit te verander nie. Dit is by instellings wat deur belasting befonds word en vir alle burgers beskikbaar moet wees.

Die gevolge van sulke rasgedrewe interaksies met die voetsoolvlak van regering is dat veral wit mense net bloot alle geloof in die regering en regeringsinstansies verloor het. Veral interaksies met die polisie, wat veronderstel is om mense in nood by te staan, word beskryf as 'n pyn en dat mense basies daarheen gaan net omdat hulle wetlik verplig word op 'n manier.

# OPLEIDING

> Seun is in matriek. Soveel beursinfo al nagegaan, maar sommige beurse sê uitdruklik dat slegs swart voornemende studente mag aansoek doen.

> Ons wou aansoek doen vir 'n prestasiebeurs. Wit studente moet 'n gemiddeld van 75% hê om te kwalifiseer en swart studente net 62%.

> Daar is gediskrimineer teen my kind wat medies wou studeer, nieteenstaande uitstekende uitslae in matriek.

> My seun wil in 2022 Meganiese Ingenieurswese gaan studeer. Ek kry nie vir hom 'n beurs nie aangesien beurse slegs toegestaan word aan "previously disadvantaged" persone. Hy het 6 onderskeidings in matriek gehad en is baie begaafd. Hoe is dit regverdig?

'n Volgende insident wat redelik prominent is, is die weiering van toelating of studiehulp aan kinders weens hulle velkleur.

Verskeie respondente (110) beskryf 'n insident waarin hulle kinders afgekeur is vir toelating tot universiteit of verdere opleiding weens hulle velkleur. Wat telkens die geval is, is dat dit kinders is wat uitstekend gevaar het op skool maar nie keuring of beurse kry nie weens hulle velkleur.

Die gevoel wat uitgespreek word deur respondente, is een van hopeloosheid en wanhoop in die toekoms van hulle kinders. Daar word gesê dat hierdie kinders gestraf word vir iets waaraan hulle niks deel gehad het nie.

Die meeste van die insidente beskryf onlangse voorvalle waarin aansoeke geweier is, of waar wit kinders aansienlik beter moes vaar as kinders van ander rasse om te kwalifiseer vir hulp of keuring. Dit impliseer dat dit kinders is wat almal na 1994 gebore is teen wie op grond van ras gediskrimineer is. Hierdie kinders is nooit deur die NP-regering volgens ras geklassifiseer nie, slegs deur die ANC-regering.

# GEVOLGTREKKING

Wat duidelik uit die meningspeiling blyk, is dat ras feitlik allesoorheersend is in Suid-Afrika.

Nie net word mense daagliks volgens ras geklassifiseer nie, maar respondente is eenparig dat jou ras jou regte bepaal in Suid-Afrika. Hierdie stelling word dan opgevolg deur duisende insidente waar uitdruklik verduidelik word hoe daar teen hulle en hulle kinders gediskrimineer is bloot op grond van ras.

Hierdie situasie is myle weg van die nierassige Suid-Afrika wat beloof is met ’n nuwe grondwet. Trouens, daar word deur die meeste respondente bloot aanvaar dat nierassigheid nie iets is waartoe die Suid-Afrikaanse staat homself verbind het nie.

Besonder onrusbarend is weereens die feit dat die regering se rasregulering neerslag begin vind in basiese interpersoonlike interaksies en dienslewering van die regering. Wanneer amptenare op lae vlak openlik rassisties optree sonder enige gevolge, word daar gekommunikeer dat dit die korrekte manier is om mense van ’n sekere bevolkingsgroep te hanteer, dat die Suid-Afrikaanse regering wel belasting by alle rasse vat, maar beslis nie dienste aan alle rasse gaan lewer nie.

Die situasie wat in Suid-Afrika heers, is totaal abnormaal, en die regering se aandrang op apartheidtipe rasseklassifikasie – en die gevolglike afdwing van rasregulering wat mense se werk, dienslewering en kinders direk affekteer – veroorsaak enorme skade aan rasseverhoudinge.

Alhoewel dit een van die kernbeginsels van die Suid-Afrikaanse staat en grondwet is, is nierassigheid geensins te bespeur in die werklikheid van Suid-Afrika nie, dit is bloot teks op ’n stuk papier.